**VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN**

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 959/2014

In die aansoek tussen:

| | |
|---|---|
| **MATSEPES INGELYF** | Eerste Applikant |
| **TSIU VINCENT MATSEPE N.O.** | Tweede Applikant |
| **OTTLIE ANTON NOORDMAN N.O.** | Derde Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **SAREL JOHANNES WESSELS** | Eerste Respondent |
| **ELIZABETH MARIA VENTER** | Tweede Respondent |
| **SEBASTIAAN JACOBUS WESSELS** | Derde Respondent |
| **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF** | Vierde Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | S J REINDERS (AJ) |
| **AANGEHOOR OP:** | 5 FEBRUARIE 2015 |
| **GELEWER OP:** | 12 FEBRUARIE 2015 |
| **GELEWER DEUR:** | S J REINDERS( AJ) |

---

[1] Die drie Applikante is onderskeidelik Eerste tot Derde Verweerders (hierna genoem “die Verweerders”) in saaknommer 959/2014, synde ŉ aksie uitgereik in hierdie

afdeling deur die eerste twee Respondente (hierna genoem "die Eisers").

[2] Tot die voormelde aksie is daar ook 'n Vierde en 'n Vyfde Verweerder (synde die Meester), maar vir doeleindes hiervan is dit nie nodig om verder na hulle te verwys nie.

[3] Die Eisers het dagvaarding uitgereik teen die Verweerders en versoek in die voormelde aksie dat die ooreenkoms wat aangeheg is tot die dagvaarding (aanhangsel "A" daartoe) tersyde gestel word tesame met sekere kostebevele.

[4] Die Verweerders het die aksie verdedig en is 'n Verweerskrif namens die eerste drie Verweerders op 17 April 2014 hierin liasseer.

[5] Op 8 Julie 2014 het die Verweerders 'n Kennisgewing van Terugtrekking liasseer wat as volg lees:

> "GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die Verweerders die Teeneis teen die Eisers hiermee terugtrek en elke party aanspreeklik sal wees vir sy/haar eie regskostes en uitgawes."

Na aanleiding hiervan het die Eisers se prokureur op 18 Augustus 2014 'n skrywe gerig waarin die Verweerders daarop gewys is dat daar geen Teeneis geliasseer is nie en meld die brief verder:

> "Ons merk dat die ingeslote Kennisgewing van Terugtrekking van die Teeneis ook meld dat dit teruggetrek word op die basis dat elke party aanspreeklik sal wees vir sy/haar eie regskostes en uitgawes. Ons aanvaar dat hierdie aspek in die Kennisgewing van Terugtrekking

klaarblyklik ook dan foutief is, aangesien 'n behoorlike Kennisgewing van Terugtrekking van 'n Teeneis of verweer behoort te spesifiseer dat betaling van die Eiser se getakseerde regskoste getender word. Ons sal dit waardeer indien u dan ook sommer hierdie oorsig in die nuwe Kennisgewing van Terugtrekking van die Verweerder se verweer sal regstel."

[6] Op 20 Augustus 2014 het die Verweerders 'n Kennisgewing van Terugtrekking liasseer welke as volg lees:

"GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die Verweerders die Verweerskrif teen die Eisers hiermee terugtrek en elke party aanspreeklik sal wees vir sy/haar eie regskostes en uitgawes."

[7] Op 22 Augustus 2014 het die Eisers 'n ter rolle plasing op die Verweerders beteken en is die aangeleentheid ter rolle geplaas vir aanhoring op die 28ste Augustus 2014.

[8] Op die 28ste Augustus 2014 het Naidoo R, die volgende bevele gemaak:

"1. 'n Verklarende bevel uitgereik word dat die ooreenkoms, aangeheg as aanhangsel "A" tot die besonderhede van vordering 'n onwettige ooreenkoms daarstel en gevolglik ab initio nietig is.

2. Die Eerste Verweerder en die Tweede en Derde Verweerders in hulle persoonlike hoedanighede, gesamentlik en afsonderlik, in solidum, (sic) die koste van die aksie betaal."

[9] Op 4 September 2014 rig Verweerders se prokureur 'n skrywe aan Eiser waarin vermeld word dat die Kennisgewing van

Terugtrekking duidelik gemeld het dat die koste van die Eisers nie getender word nie en dat dit 'n voorwaarde was tot die terugtrekking en word voorgestel dat die Eisers die bevel wysig om te lees as volg:

> "1. Dat die ooreenkoms, as aanhangsel "A" tersyde gestel word.
>
> 2. Dat die partye verantwoordelik is vir hulle eie kostes in die verband soos per die Kennisgewing van Terugtrekking gedateer 20 Augustus 2014."

[9] In reaksie hierop op 5 September 2014 meld Eisers dat hulle bereid is dat die bevel slegs wat die kostebevel aanbetref teen Tweede en Derde Verweerder tersyde gestel word ten einde die koste aspek te argumenteer. In 'n skrywe gedateer 9 September 2014 antwoord die Verweerders dat hulle nie tevrede is met die aanbod nie. Dit is nie nodig vir doeleindes hiervan om met die res van die skrywe te handel nie.

[10] Op 11 September 2014 word 'n verdere skrywe gerig aan die Verweerders en in paragraaf 11.1 van die skrywe word die Verweerders versoek om te bevestig of daar hoegenaamd enige ooreenkoms tussen die partye bestaan ten opsigte van die basis en voorwaardes waarop die Verweerders hulle verweer sou terugtrek. In antwoord hiertoe, op 16 September 2014 antwoord die Verweerders dat daar duidelik nie 'n ooreenkoms ten aansien hiervan was nie.

[11] Die Verweerders het na enkele verdere skrywes waarvan die inhoud ontersaaklik is vir doeleindes hiervan, hierdie aansoek

uitgereik en is die regshulp wat gevorder word dat die bevel gedateer 28 Februarie 2014 herroep en tersyde gestel word en dat die Eerste en Tweede Eiser (Eerste en Tweede Respondent) gelas word om die koste te betaal. Die aansoek word ook gebaseer uitsluitlik op die bepalings van Hofreël 42(1)(a) en word daarop gesteun dat dit verkeerdelik aangevra en verkeerdelik gegee is in die afwesigheid van die Applikante.

[12] Die Verweerders in die aansoek om tersydestelling steun onder andere op ‘n beëdigde verklaring afgelê in saaknommer: 2688/2014. Steunende op die voormelde verklaring is die Verweerders se saak dat daar nooit uitvoering gegee is aan die fooie ooreenkoms nie en sê Verweerders dat opponering van saaknommer 959/2014 gevolglik akademies van aard is en dat dit nie tot voordeel van die boedel is om koste op daardie litigasie te spandeer nie. Gevolglik is die besluit geneem om die verweer terug te trek op die basis dat elke party verantwoordelik sou wees vir sy of haar eie regskoste. Verweerders steun daarop dat die bevel gevolglik verkeerdelik deur die Eisers aangevra is omdat hulle kennis gedra het dat die Kennisgewing van Terugtrekking gedoen is op die basis dat elke party aanspreeklik sou wees vir sy of haar eie regskostes en (is die argument en die bewerings) dat die Verhoorregter dus met kennis van die terugtrekking van die Verweerder gekoppel aan die voorwaarde dat elke party verantwoordelik is vir sy of haar eie regskostes die bevel soos deur die Eisers versoek verkeerdelik verleen het. In die finale instansie beweer die Verweerders dat die Eisers se siening dat die bevel korrek verleen is, foutief is en dat die terugtrekking onderhewig was

aan ‘n voorwaarde dat die bevel soos aangevra foutiewelik aangevra en toegestaan is.

[13] Toe die aangeleentheid op 28 Augustus 2014 voor Naidoo R geroep is, het Sy voor haar onder andere ‘n Dagvaarding gehad sowel as ‘n Terugtrekking van die Verweerskrif. Sy was gevolglik waarskynlik tevrede dat die Verweerder nie die aksie verdedig nie en, het die vonnis in haar diskresie verleen. Na my oordeel, het sy op daardie tydstip die vonnis verleen onder omstandighede soos beskryf in **Lodhi 2 Properties Iinvestment CC v Bondef Developments** 2007 (6) SA 87 HHA te 95 par. (e):

> “A Court which grants a judgment by default like the judgments we are presently concerned with, does not grant the judgment on the basis that the Defendant does not have a defence: it grants the judgment on the basis that the Defendant had been notified of the Plaintiff’s claim as required by the rules, that the Defendant, not having given notice of an intention to defend, is not defending the matter and that the Plaintiff is in terms of the rules entitled to the order sought.”

[14] Daar is geen meriete in die Verweerders se bewerings onder eed nou dat daar ‘n voorwaardelike terugtrekking van die Verweerskrif was of dat dit duidelik geblyk het uit die Kennisgewings van Terugtrekking dat dit slegs sou geskied op die basis dat elke party sy eie koste dra nie. Die Eisers was geregtig om die aangeleentheid ter rolle te plaas soos wat hulle gedoen het, en het die Verweerders hul verwere teruggetrek. Die Verhoorhof was in besit van die Kennisgewing van Terugtrekking, en was in besit van ‘n ter rolle plasing en het hierna vonnis gegee. Die bewerings nou in die stukke dat die

bevel akademies sou wees, en/of dat die kontrak nie uitgevoer sou word nie is vir doeleindes van die aansoek voor my ontersaaklik en is wat my betref verwere wat op die meriete potensieel geopper sou kon word. In **Lodhi 2** *supra* word dit as volg gestel te **p. 95, par. (f)**:

> "The existence or non-existence of a defence on the merits is an irrelevant consideration and, if subsequently disclosed, cannot transform a validly obtained judgment into an erroneous judgement."

[15] Advokaat P J J Zietsman wie namens die Verweerders in die aansoek voor my verskyn het, wys in sy goeie, volledige en behulpsame Hoofde van Betoog daarop dat die Kennisgewing van Ter rolle plasing nie melding gemaak het daarvan dat daar 'n kostebevel teen die Tweede en Derde Verweerders in hulle persoonlike hoedanighede aangevra word nie. Tydens betoog het hy hierdie argument van hom uitgebrei en daarop gewys dat Tweede en Derde Verweerders nie kennis gehad het daarvan dat kostebevele in hulle persoonlike hoedanighede teen hulle gemaak sou kon word nie. Hy doen aan die hand dat vir hierdie rede die bevel verkeerdelik aangevra en verkeerdelik verleen is.

[16] Die Tweede en Derde Verweerders in hulle persoonlike hoedanighede, het geen beëdigde verklarings in die aansoek hierin afgelê nie. Die verklarings in die aansoek om tersydestelling, word deur die Tweede en Derde Verweerders steeds in hulle verteenwoordigende hoedanighede afgelê. Nêrens in die verklarings (selfs in hul verteenwoordigende hoedanighede) bekla hulle hulself oor die feit dat die

kostebevele teen hulle verleen is sonder dat hulle persoonlike kennis gehad het van die voormelde kostebevele en dat vir daardie rede die bevel verkeerdelik verleen en/of aangevra is nie.

**Lodhi 2** *supra* te p. 90, par. 9.

[17] Daar is gevolglik nie in die aansoekstukke ŉ saak uitgemaak dat die bevel vir hierdie rede tersyde gestel moet word omdat dit verkeerdelik aangevra of verleen is nie. Die Eisers het nie die geleentheid gehad om in sy opponerende stukke met hierdie spesifieke bewerings te handel nie. In ieder geval is dit gemenesaak dat die Kennisgewing van Ter rolle plasing voor Regter Naidoo gedien het. In die verband sê die Eisers in hulle opponerende stukke as volg:

"11.2 Ek word geadviseer dat die Applikant as die onsuksesvolle litigant aanspreeklik is vir die suksesvolle litigant se kostes, onderhewig aan die Agbare Hof se diskresie. Haar Edele Regter Naidoo het na deurlees van die stukke en na aanhoor van ons advokaat haar diskresie uitgeoefen en die koste toegestaan."

Hiertoe antwoord die Verweerders in Repliek as volg:

"20. Die inhoud van die paragrawe onder beantwoording kom neer op 'n regsargument. Ek het alreeds hierbo, maar spesifiek ook in die funderende verklaring met die gronde van tersydestelling gehandel en sal behoorlike regsargument in die verband aan die Agbare Hof voorgehou word."

[18] Dit blyk dus gemenesaak te wees dat Naidoo R die feite oorweeg het en daarna besluit het om die Tweede en die Derde Verweerder in hulle persoonlike hoedanighede aanspreeklik te hou vir die koste. Dit moet onthou word dat by die toepassing van Reël 42(1)(a) ek nie as 'n Hof van Appèl kan sit ten opsigte van 'n bevel verleen deur hierdie selfde Hof nie (en insgelyks dit ook nie hersien nie). Ek versoen en vereenselwig my met die benadering in **Holmes Motor CO v SWA Mineral and Exploration CO** 1949 (1) SA 155 (C):

> "It therefore seems that the judgment has been erroneously granted if there existed at the time of its issue a fact of which the judge was unaware, which would have precluded the granting of the judgment and which would have induced the judge, if he had been aware of it, not to grant the judgment."

[19] *In casu* is daar niks wat aandui dat die Verhoorregter onder die indruk was dat Tweede en Derde Verweerders kennis dra daarvan dat 'n kostebevel teen hulle persoonlik gegee kan word nie. Ek moet dus aanvaar dat die Verhoorregter die kostebevel gemaak het welwetende dat die Tweede en Derde Verweerders nie kennis gegee is dat die kostebevel teen hulle persoonlik aangevra gaan word nie. Dit is dus nie 'n geval waar die Verhoorregter onder die indruk is uit hoofde van die stukke wat voor haar geplaas is dat die Tweede en Derde Verweerders persoonlik kennis dra van die kostebevel wat teen hulle aangevra word terwyl dit later blyk nie die geval te wees nie. Die Verhoorregter het dus met die inligting voor Haar besluit om 'n bevel te verleen wat insluit dat die Tweede en Derde Verweerders koste in hulle persoonlike hoedanigheid moet

betaal. Ek is nie onder die voormelde subreël geregtig om in te meng met daardie bevel nie.

[20] Die Eerste Verweerder kan hom nie bekla oor die kostebevel nie, en het die kostebevel voorsien as 'n gevolg nadat verdediging namens die Eerste Verweerder in die hoofaksie teruggetrek is.

[21] Tydens argument is namens die Eisers ook 'n voorgestelde konsepbevel ingehandig wat as volg lees:

> "1. Die bevel van Haar Edele Regter Naidoo gelewer op 28 Augustus 2014 en in terme waarvan die Eerste, Tweede en Derde Verweerders in hulle persoonlike hoedanighede gelas is om gesamentlik en afsonderlik, in solidum, (sic) die koste van die aksie te betaal, word tersyde gestel.
>
> 2. Behoudens soos voormeld word die aansoek van die hand gewys.
>
> 3. Die Eerste tot Derde Applikante in hulle persoonlike hoedanighede, gesamentlik en afsonderlik, in solidum, word gelas om die koste van die aansoek te betaal, welke koste insluit die koste van twee advokate."

[22] Ek het in terme van die voormelde Hofreël 'n diskresie. Die voorgestelde hofbevel hierbo na verwys is nie vir die Verweerders aanvaarbaar nie. Dit is so dat waar 'n party op Reël 42(1)(a) steun, dit nie 'n vereiste is om goeie rede ("*good cause*") of 'n verduideliking van die versuim en/of 'n *bona fide* verweer te openbaar nie.

**<u>Bakhoven Limited v G J Howes (Pty) Ltd</u>** 1992 (2) SA 466 (E) te 471 H.

**<u>National Pride Trading 452 (Pty) Ltd v Media 24 Ltd</u>** 2010 (6) SA 587 (ECP) te 597 I – 598 B.

[23] *In casu* is ek nie van oordeel dat die Verweerders 'n saak uitgemaak het in terme van Hofreël 42(1)(a) waarom die bevel tersyde gestel moet word nie. Gevolglik is ek van oordeel dat die aansoek afgewys moet word.

[24] Die Eisers het gebruik gemaak van die dienste van twee advokate en versoek sodanige koste. Ek is nie van oordeel dat die Verweerders belas moet word met die koste van twee advokate nie en is die Hoofde hierin deur slegs een advokaat opgestel en onderteken. Ek is ook nie van oordeel dat die aangeleentheid so moeilik van aard is dat dit die dienste van twee advokate regverdig en dus redelike voorsorg is om twee advokate te brevetteer nie.

[25] In die omstandighede maak ek die volgende bevel:

25.1 Die aansoek word afgewys met koste.

**S. J. REINDERS, AJ**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Adv. P. J. J. Zietsman<br>In opdrag van:<br>Matsepes Inc<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondente: | Adv. F. G. Janse van Rensburg<br>In opdrag van:<br>McIntyre & Van der Post<br>BLOEMFONTEIN |